

SKRIFGEDEELTE: 2 KRONIEKE 2:1-6, 11-14 (NAV)

FOKUSGEDEELTE: 2 KRONIEKE 2:5, 13

Hiram – Om saam met nie-Christene in die koninkryk te werk

Hiram was 'n besondere vakman. Sy pa was van Tirus afkomstig en sy ma was 'n Israeliet. Hy is deur die koning van Tirus met dieselfde naam (Hiram) na Salomo toe gestuur om te help bou aan die tempel. Hiram was 'n meestervakman wat vaardig was in die bewerking van goud, silwer, brons, yster, klip, hout, pers en blou wol, linne en bloedrooi wol. 'n Begaafde man wat goed toegerus was om die tempel van die “God wat die grootste van alle gode is” (vs 5) te kon help bou.

Kommentators vergelyk Hiram tereg met 'n ander vakman, Besaleël, wat met die bou van die tabernakel as 'n meestervakman beskryf word. Van Besaleël, wat uit die stam Juda was, word egter genoem dat hy deur die Gees vir sy werk toegerus is (Eks. 31:1). Iets wat glad nie van Hiram, wat van gemengde afkoms was, gesê word nie.

Dit is interessant dat Here nie iemand uit Israel toegerus het om sy tempel te bou nie. Moontlik lê daar in die samewerking tussen Israeliet en nie-Israeliet aan die tempel van die Here die skaduwee van die boodskap van verlossing aan alle nasies wat in Jesus Christus 'n werklikheid sou word.

Ons weet dat God deur sy Gees gelowiges vir hulle dienswerk toerus. Dit is deel van ons viering van Pinkster (1 Kor. 12-14). Ons weet ook dat ongelowiges deur God, in sy algemene genade, begenadig word met besondere vermoëns en talente wat Hy byvoorbeeld gebruik om wetenskap te bevorder, ekonomieë aan die gang te hou, wet en orde te handhaaf en die land te regeer.

As gelowiges werk ons skouer aan skouer met ongelowiges in die koninkryk van God. In die samewerking is dit belangrik om te getuig, soos wat Salomo teenoor die koning van Tirus getuig het: “Ek wil 'n tempel bou vir Naam van my God, die Here, en dit aan Hom wy. Dit gaan groot wees, want ons God is die grootste van al die gode” (2:5).

In ons samewerking met ander mense bly dit ons taak om te getuig van die Koning van die konings en van die verlossing vir alle mense deur Jesus Christus.

Sing: Psalm 67:1, 3 (2001)

Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom-Die Bult)